# TERRITORIALITEIT OP WOONBUURTVLAK: 'N VOORSPELLENDE MODEL

M C Oranje en M S Badenhorst
Department Stads- en Streekbeplanning, Universiteit van Pretoria

*Manuskrip aanvaar Augustus 1992*

*Actions aimed against undesirable change(s) in neighbourhoods represent an ostensible form of territorial behaviour, the incidence of which was analysed in so-called "white" residential areas of varying socio-economic status in Pretoria.*

*From the study it appears that people prefer to reside in neighbourhoods where the manageability is such that it either gratifies, or otherwise facilitates the fulfillment of their most important needs. In order to maintain (or to enhance) the desired level of manageability of their respective neighbourhoods, residents resist change which they deem to be undesirable.*

*Territorial perceptions and all these entail, including perceived threats, differ markedly across the spectrum of socio-aconomic status. A predictive model was constructed from existing literature on the subject, in term sof which territoriality at the neighbourhood-level can be explained. This model was verified with data collected in two questionnaire surveys, two visual surveys and a zoning survey. In this manner an explanation is offered from an environmental psychological perspective for the phenomena of people distancing themselves spatially from undesirable land uses. as well as high-risk crime areas and undesirable social conditions. It is through individual actions aimed at achieving the desired level of manageability that the later is/can be attained at the neighbourhood-level. In this manner micro-motives ultimately find spatial expression in the urban mosaic.*

*Optrede teen ongewensde verandering(e) in woonbuurte verteenwoordig 'n oënskynlike vorm van territoriale gedrag, die voorkoms waarvan geanaliseer is in sogenaamde "blanke" residensiële gebiede van verskillende sosio-ekonomiese status in Pretoria.*

*Uit die ondersoek het dit na vore gekom daat mense verkies om in woonbuurte te vestig waarvan die bestuurbaarheid sodanig is dat dit hul mees belangrike behoeftes vervul of die vervulling daarvan fasiliteer. Ten einde die verlangde vlak van bestuurbaarheid van hul onderskeie woonbuurte te handhaaf (of te verhoog) staan inwoners verandering teen wat hulle as ongewens ag.*

*Territoriale persepsies en alles wat daarmee saamgaan, verskil merkbaar oor die spektrum van sosio-ekonomiese status. 'n Voorspellende model is saamgestel waarvolgens territorialiteit op die woonbuurtvlak verklaar kan word. Hierdie model is geverifieer aan die hand van data wat ingewin is in twee vraelysopnames, twee visuele opnames en 'n soneringsopname. Op hierdie wyse is 'n verklaring gebied vanuit 'n omgewingsielkundige invalshoek op die verskynsel dat mense hulself ruimtelik distansieer van ongewensde grondgebruike, sowel as hoë-misdaadgebiede en ongewensde sosiale verskynsels. Dit is deur individuele optrede/gedrag wat gemik is daarop om die verlangde vlak van bestuurbaarheid te bereik, wat voorgenoemde op woonbuurtvlak verseker word. Langs hierdie weg kulmineer mikromotiewe in 'n makrogevolg soos weerspieël in die sosiale mosaïek van die stad.*

## INLEIDING

In die afgelope twee jaar was daar gereeld berigte in die pers oor die optrede van inwoners van sogenaamde "blanke" woonbuurte teen plaaslike verandering wat hulle as ongewens beskou (het). Hierdie optrede is gemik teen fisiese verandering (byvoorbeeld die bou van deurpaaie), sosiale verandering (die intrek van nie-blankes) en laastens die toename in misdaad (kyk Oranje, 1991:3-6).

Ten spyte daarvan dat territorialiteit as verskynsel reeds eeue lank bekend is, bied bestaande literatuur weinig verklaring vir voormelde optrede wat op die oog af as 'n vorm van territoriale gedrag vertolk kan word. Vrae wat in hierdie verband ontstaan is

(i) of territorialiteit inderdaad optrede teen opgewensde verandering in woongebiede onderlê en indien wel,

(ii) wat is die omvang daarvan,

(iii) onder watter omstandighede sal dit tot defensiewe optrede lei,

(iv) is daar verskille in die voorgenoemde tussen woonbuurte van verskillende sosio-ekonomiese status, en

(v) indien daar wel verskille is, waaraan kan dit toegeskryf word?

Om antwoorde op hierdie vrae te verskaf was die doel van die ondersoek tweeledig. Eerstens om territorialiteit as fenomeen, en die woonbuurt as territorium te ontleed aan die hand van bestaande kennis en hieruit 'n voorspellende model te verfieer aan die hand van data wat tydens opnames in "blanke" woonbuurte van verskillende sosio-ekonomiese status in Pretoria ingewin is.

Die opnames het bestaan uit twee vraagbrief-opnames, twee visuele opnames en een soneringsopname. Wat eersgenoemde betref, is die data bekom aan die hand van twee stelle vraelyste wat onderskeidelik in 1989 en 1990 ingevul is aan huis van ewekansiggekose inwoners van "blanke" woonbuurte van verskillende sosio-ekonomiese status in Pretoria. In die

eerste opname is 90 respondente uit drie woonbuurte van hoog-laag, middel-middel en middel-hoog status, soos gemeet in terme van 'n gekombineerde skaal van inkomste, opleidingspeil en beroepstatus, betrek (kyk Kruger (1988) vir 'n bespreking van die tegniek vir die vasstelling van die sosio-ekonomiese status van woonbuurte en 'n resente toepassing daarvan in Pretoria). In die 1990-opname is 240 respondente uit 12 woonbuurte, wat die volle spektrum van sosio-ekonomiese status, vanaf hoog-laag tot middel-hoog ingesluit het, betrek. (Die "slegs blanke"-keuse spruit nie uit politieke oorwegings nie, maar uit taal en finansiële oorwegings wat 'n ondersoek in die woonbuurte waar die ander rasgroepe in die meerderheid is, aansienlik sou bemoeilik en duur sou maak. Dit is wel die gedagte om die ondersoek later uit te brei na die sogenaamde "nie-blanke" woonbuurte.)

Die visuele opnames het bestaan uit die notering van territoriale merkers in die woonbuurte wat in die ondersoek betrek is, naamlik:

(i) vlakke van tuin, huis en sypaadjie-onderhoud,

(ii) voorkoms van en tipe omheining en

(iii) beveiligingsmaatreëls wat ingespan word.

Hierteenoor het die soneringsopname bestaan uit die verwerking van reeds bestaande inligting van die Stadsraad ten einde 'n aanduiding te kry van die vlak van heterogenieteit van grondgebruike in die woonbuurte wat in die ondersoek betrek is. Laasgenoemde is aangewend in die bepaling van die verskillende soorte verandering wat die inwoners van die onderskeie woonbuurte as 'n bedreiging beskou (het).

Die uiteensetting van die res van die bespreking is grootliks gerig deur die doel van die ondersoek. Na 'n sinoptiese bespreking van die literatuur oor die onderwerp van territorialiteit as fenomeen en die woonvuurt as territorium, is 'n voorspellende model van territorialiteit op woonbuurtvlak gekonstrueer en verklaar. Die model is vervolgens geverifieer aan die hand van die data wat tydens die onderskeie opnames ingesamel is, en die artikel is afgesluit met 'n bondige gevolgtrekking.

## 2 TERRITORIALITEIT AS FENOMEEN

Territoriale gedrag as 'n verskynsel onder diere is reeds meer as 2 300 jaar gelede deur Aristotle beskryf (Peterson 1975:153), maar wetenskaplike ondersoeke in die veld het eers byna tweeduisend jaar later gevolg (Altman, 1975:153). Nieteenstaande die feit dat die territoriale gedrag van diere reeds sowat driehonderd jaar bestudeer word, dateer ondersoeke na die territoriale gedrag van mense terug tot die sestigerjare van hierdie eeu (Edney en Buda, 1976:283). Hierdie verskil in tydsverloop word weerspieël in die stand van die literatuurbasis in die onderskeie velde. Waar die literatuur aangaande die territoriale gedrag van diere boekdele beslaan bestaan daar tans steeds onsekerheid oor die betekenis, oorsprong en funksie van menslike territoriale gedrag (Viljoen et al, 1988:124 en Altman, 197:105).

Met spesifieke verwysing na hierdie ondersoek blyk dit dat die gedagte dat die mens ook 'n territoriale wese kan wees, volgens Altman (1975:103) sy oorsprong gehad het in die vroeër klassieke sosiologiese analises van stedelike lewe in die 1920's. Navorsers soos Park, Burgess en McKenzie (1925). Thrasher (1927), Whyte (1943) en Zorbauch (1929) "... consistently observed the presence of territories that were demarcated by streets, by places on a street, even by sides of the street, such that certain groups would rarely trespass into other's territory or turf" (Altman, 1975:103). In teenstelling daarmee dat ondersoeke op die woonbuurtvlak die studies in die territoriaal gedrag van mense ingelei het, het die afgelope dertig jaar byna geen navorsing in hierdie veld opgelewer nie (Gold, 1982:57).

### 2.1 Definiëring van die Begrip

Die onsekerheid rondom die bestaan oorsprong, betekenis en funksies van menslike territoriale gedrag word by uitstek weerspieël in die groot verskeidenheid verklarings wat vir die begrip aangebied word. Die talryke omskrywings bondel egter in twee kategorieë saam, te wete

(i) 'definisies wat die klem plaas op die okkupasie en beskerming van 'n bepaalde territorium teen indringing, en

(ii) 'definisies wat die organisatoriese funksies van territorialiteit en die gehegtheid van die betrokke individu of groep aan die territoirum beklemtoon (Holahan, 1982:1255-6 en Brown, 1987:507).

Die definisie van Parr (1970:12) dat "Territory is the space which a person, as an individual, or as a member of a group (e.g. family, gang) in joint tenancy, claims as his or their own, and will 'defend'", kan as 'n goeie voorbeeld van die eerste kategorie beskou word. (Ander definisies met 'n soortgelyke inslag is, is onder ander dié van Lyman en Scott (1967:236), Esser et al (1965:213), Jordan en Rowntree (1979:120), Gal et al (1986:567) en Dyson-Hudson en Smith (1978:22).)

Altman (1975:107) se definisie dat "Territorial behaviour is a self/other boundary-regulation mechanism that involves personalization or marking of a place or object and communication that it is "owned" by a person or group. Personalization and ownership are designed to regulate social interaction and to help satisfy various social and physical motives. Defense responses may sometimes occur when territorial boundaries are violated" kan as die klassieke voorbeeld van die tweede stel definisies beskou word. Ander definisies met 'n soortgelyke strekking as dié van Altman (1975:107) is dié van Sebba en Churchman (1983:194-4), Holhan (1982:256), Greenbaum en Greenbaum (1981:574) en Edney (1987:959).

Met spesifieke verwysing na Suid-Afrika kan die definisie van Sack (1986:19) dat "... territoriality can be defined as an attempt by an individual or group to affect, influence or control people, phenomena, and relationships, by delimiting and asserting control over a specific area", gesien word as die werkwyse van die NP-regering se beleid van Apartheid (Afsonderlike Ontwikkeling) in die breë, en die Groepsgebiedewet in die besonder. Aansluitend by Sack (1986:19) beskryf Edney (1975:1108-9) territorialiteit as 'n manier waarop beheer oor 'n bepaalde geografiese ruimte verkry (kan) word.

Uit 'n ontleding van die twee kategorieë definisies blyk dit dat beide stelle meriete het en dat een allesomvattende definisie nie nodig is nie. Die definisie wat vir die doeleindes van

hierdie ondersoek gebruik is, is in breë trekke die definisie van Altman (1975:107) met enkele aanpassings en lui soos volg: Territoriale gedrag is 'n self/ander grens-regulerende meganisme wat die personalisering en afbakening van 'n plek of geografiese ruimte, asmede die kommunikasie dat die betrokke plek/ruimte deur 'n indiwidu of groep persone besit word, insluit. Hierdie kommunikasie kan of eksplisiet wees (byvoorbeeld 'n "Privaat Eiendom"-bordjie), of andersins implisiet geskied deur die aanbring van merkers waarmee die ruimte gepersonaliseer en afgebaken word. Dit sluit in fisiese simbole (erfmure, tuimmeubels en -onderhoud) en/of die fisiese teenwoordigheid van die besitters van die territorium op sigself. Die "besit" van 'n territorium kan werklik of persepsueel geskied. Personalisering, asmede die werklike en persepsuele eienaarskap van 'n bepaalde territorium word ingespan om sosiale interaksie te reguleer en om verskeie sosiale, ekonomiese, fisiese en psigologiese motiewe te bevredig. Territoriale gedrag kom tot uiting en defensiewe optrede kan volg in die geval waar territoriale grense geskend word. Sodanige optrede dui op 'n baie sterk gevoel jeens, en gehegtheid aan, die betrokke territorium.

## 2.2 Tipe territoriums

In die literatuur word daar tussen drie tipes territoriums onderskei, te wete:

(i) primêre,

(ii) sekondêre en

(iii) openbare territoriums (Altman, 1975:111-20).

Primêre territoriums, soos erwe, huise en slaapkamers, is territoriums wat eksklusief besit en gebruik word deur indiwidue en groepe (byvoorbeeld die gesin) (Altman, 1975:112). Hierteenoor staan openbare territoriums wat slegs tydelik toegeëien en benut (kan) word en waartoe enige iemand toegang en besitreg het (soos byvoorbeeld 'n plek op 'n strand of 'n bank in 'n park) (Altman, 1975:118). Gebruik van 'n openbare territorium berus gewoonlik op die basis van "... first come, first serve(d)" (Brown en Altman, 1981:59). Sekondêre territoriums neem 'n middelposisie in tussen primêre en openbare territoriums, dit wil sê dit is territoriums wat minder sentraal as eersgenoemde tot die gebruiker se lewe is, maar wat meer permanent en eksklusief van aard as laasgenoemde is (Altman, 1975:117). Voorbeelde van sekondêre territoriums is 'n woonbuurt, 'n sitplek in 'n kroeg en 'n kinderspeelarea in 'n woonstelkompleks. Sekere territoriums, soos woonbuurte, kan as beide sekondêre en openbare territoriums vertolk word afhangend van hoe die gebruikers daarvan dit interpreteer en aanwend en wat die betekenis daarvan vir hulle is (Brown en Werner, 1985:544). Deurdat sulke territoriums gevolglik onwetend geskend/binnegedring kan word, kan probleme en selfs konflik voorkom (Gold, 1982:49). 'n Meer volledige uiteensetting van die dimensionele verskille tussen die drie tipes territoriums is in Tabel 1 saamgevat.

**TABEL1 : DIMENSIONELE VERSKILLE TUSSEN PUBLIEKE, SEKONDêRE EN PRIMêRE TERRITORIUMS**

| Dimensie | Publiek | Sekondêr | Primêr |
|---|---|---|---|
| Duur van gebruik<br><br>Sentraliteit tot gebruiker se lewe | Kort<br><br>Nie sentraal nie | Kort, maar gereelde gebruik kom algemeen voor | Lank |
| Voornemens met merking | Doelbewuste opvordering van territoriums | Ietwat sentraal | Baie sentraal |
| Tipe merkers wat ingespan word | Baie min fisiese merkers of grense. Baie liggaamlike en verbale merking kom voor. | Dikwels die opvordering van territoriums | Gewoonlik personalisering en dekorasie |
| Reaksies op indringing | Kan maklik hervestig of direkte liggaamlike en verbale merkers gebruik | Effense gebruik van fisiese merkers, liggamlike en verbale merking kom algemeen voor | Sterk gebruikmaking van 'n wye verskeidenheid van merkers en grense. Liggaamlike en verbale merking is gewoonlik nie nodig nie. |
| | | Kan dikwels hervestig. Gebruik direkte liggaamlike en verbale merkers, sowel as 'n effense herbeklemtoning van fisiese merkers | Kan nie maklik hervestig nie. Kan beroep op die wet, fisiese merkers en grense herstel en liggaamlike en verbale merkers gebruik |

Bron: Vertaal uit Brown en Altman (1981: 60)

### 2.3 Perspektiewe op Territoriale Gedrag

Die onsekerheid aangaande territoriale optrede word eweneens weerspieël in die onderskeie perspektiewe op territoriale gedrag. Ingevolge die biologiese perspektief is territoriale gedrag 'n biologiese instink (Proshansky et al. 1970:178 en Gifford, 1987:154), 'n uitgangspunt wat uiteraard nie van toepassing is op menslike territoriale gedrag nie. Hierteenoor bied die sosiobiologiese en die sosio-kulturele perspektiewe die mees aanneemlike verklarings vir die fenomeen, naamlik dat territoriale gedrag nie bloot 'n eenvoudige instinktiewe reaksie is nie, maar inderdaad 'n komplekse gedragspatroon verteenwoordig wat, na gelang van omstandighede, aangewend kan word ten einde bepaalde doelwitte te bereik (Brown, 1987:506).

### 2.4 Die Funksies van Territoriale Gedrag

Insoverre dit die funksies van die territoriale gedrag van mense en diere betref, blyk dit in die geval van eersgenoemde dat territorialiteit tans deur die meeste teoretici beskou word as 'n aanpasbare meganisme ter maksimalisering van *die fiksheid* ("fitness") van die indiwiduele dier (die sosio-biologiese perspektief) (Barash, 1982:367 en 372 en Dyson-Hudson en Smith, 1978:24). Hierteenoor vertenwoordig die territoriale gedrag van mense 'n aanpasbare meganisme wat, na gelang van omstandighede, ingespan kan word om

(i) normale daaglikse funksionering moontlik te maak en

(ii) sosiale interaksie te reguleer (die sosio-kulturele perspektief) (Sommer, 1969:39-57, Altman, 1975:111 en Viljoen et al, 1988:131-3).

Ook blyk dit dat territorialiteit kan meehelp om die gevoel van vervreemding in die stad te verminder deurdat dit kan bydra tot 'n gevoel van groepsidentiteit onder mense wat 'n geografiese ruimte deel (Lyman en Scott, 1967:36-8; Holahan, 1982:26102 en Edney, 1976:36-8). In terme van Maslow se teorie van motivering, kan dit gevolglik help om die hoër sosiale behoeftes te bevredig (Hasson, 1982:345). Aansluitend hierby dui Merelman (1988:580), Gold (1982:48) en Hasson (1985:344-5) daarop dat territorialiteit, soos dit uitdrukking vind in die beskerming en die behoud van die karakter van gesogte woonbuurte, die hoogste behoeftes in Maslow se teorie, naamlik dié van status en self-verwesenliking help vervul. Ten slotte dui Sack (1986:19) op 'n meer offensiewe funksie van die fenomeen, naamlik dié van manipulasie van mense, verhoudings en verskynsels, deur beheer oor 'n geografiese ruimte uit te oefen. Laasgenoemde het baie eksplisiet een van die grondslae van die beleid van Apartheid verteenwoordig.

'n Vergelyking van die territoriale gedrag van mense en diere bring verskeie verskille en ooreenkomste na vore. Dit is egter 'n onomstootlike feit dat eersgenoemde 'n veel ingewikkelder meganisme is as dierlike territoriale gedrag en dat die twee nie sondermeer aan mekaar gelyk gestel kan word soos wat die eksponente van die biologiese perspektief in effek deurgaans gepoog het om te doen nie (Altman, 1975: 107-10; Edney, 1976:32-3 en Brown, 1987:508).

### 2.5 Empiriese Ondersoeke na Menslike Territorialiteit

Uit 'n ondersoek na die metodes wat in empiriese studies aangewend is, het dit geblyk dat daar hoofsaaklik van drie tipes ondersoek metodes gebruik gemaak is. Eerstens is die "natuurlike waarnemingsmetode" aangewend. Hiervolgens word territoriale gedrag sistematies waargeneem in alledaagse situasies, sonder enige eksperimentele inmenging of manipulasie van die kant van die navorser (Viljoen et al, 1988:135). Tweedens is die "vraelysmetode", dikwels in kombinasie met die natuurlike waarnemingsmetode gevolg (Holahan, 1981:258), en laastens is die "eksperimentele metode", waartydens situasies en sosiale strukture in werklike situasies ("real world settings") eksperimenteel gemanipuleer word, vry algemeen toegepas (Gifford, 1987:141 en Altman 1975:127). Gifford (1987:143) wys daarop dat 'n kombinasie van metodes beter resultate behoort te lewer omrede die onderskeie metodes mekaar se tekortkominge uit te skakel. Dit blyk dat die onderskeie navorsingsmetodes met verloop van tyd baie meer gesofistikeerd geraak het en dat elke metode 'n bepaalde toepassingsveld het.

Ondersoeke in die veld kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik:

(i) die rol wat merkers speel in die afbakening en/of personalisering van territoriums,

(ii) dominansie en territoriale gedrag en

(iii) territorialiteit as reguleerder van sosiale interaksie.

Die vernaamste bevindinge wat in die eerste stel ondersoeke gemaak is, is eerstens dat openbare territoriums met territoriale merkers afgebaken is en dat die meerderheid ander persone in die ondersoeke die merkers en gevolglik die territoriums, met 'n hoë mate van ontsag bejeën het (Sommer, 1966:266 en Sommer en Becker, 1969:89). Met ander woorde, die meeste ander persone kon die merkers dekodeer as synde indikators van afgebakende territoriums vir eksklusiewe gebruik wat hulle as sodanig gererspekteer het. In die tweede plek en in aansluiting met die voorafgaande, was die bevinding dat die aanspraak op 'n territorium versterk is, en die kans op 'n ongewensde indringing al hoe geringer geraak het, hoe langer 'n indidwidu/groep 'n territorium beset het (Sommer en Becker, 1969:89-91; Becker, 1973:443). Laastens het dit geblyk dat die mees suksesvolle merker die persoon (besitter van die teerritorium) as sodanig was (Gal et al, 1986:572-3).

Insoverre dit ondersoeke na die verband tussen territorialiteit en dominansie betref, is sterk bewyse gevind dat die meer dominante lede van 'n groep neig om meer territoriaal te wees as ander minder dominate lede (Esser et al, 1965:209; Esser, 1973:137 en Sebba en Churchman, 1983:200). Hierdie verband het in die ondersoeke net gegeld as daar sekere territoriums was wat meer gesog was as ander (Austin en Bates, 1974:447), en indien die dominansie-hiërargie stabiel gebly het (DeLong, 1973:61 en Sundtrom en Altman, 1974:122). 'n Verdere vername bevinding wat in ondersoeke na die verband tussen dominansie en territoriale gedrag gemaak is, is dat die mate van beheer wat 'n indiwidu oor 'n territorium voel, sy/haar optrede beïnvloed in dié sin dat indiwidue wat meer in beheer van hul territoriums gevoel het, of wou voel, diegene wat die territoriums besoek/binnegedring het, gedomineer het (Taylor en Lanni 1981:914; Harris en McAndrew, 1986:662 en Edney, 1975:1112).

Die ondersoeke na territoriteit as reguleerder van sosiale interaksie het bevestig dat territoriale gedrag 'n meganisme is wat sosiale interaksie vergemaklik en beheer, en sodoende konflik verminder eerder as genereer (Altman et al, 1971:95; Edney en Uhlig, 1977:65; Sommer, 1969:39-57 en Holahan, 1982:259-60). Hierdie bevinding is insgelyks bevestig in ondersoeke na woonbuurte as "defensible space" wat onder paragraaf 3.4.5 bespreek is.

## 3 DIE WOONBUURT AS TERRITORIUM

In 'n ontleding van die begrip "woonbuurt" is drie hoofkategorieë definisies onderskeibaar, naamlik:

(i) die woonbuurt as funksionele konsep,

(ii) die woonbuurt as 'n geografiese ruimte met bepaalde juridiese grense en

(iii) die woonbuurt as stadsbeplanningskonsep.

Die woonbuurt as 'n entiteit met duidelik omskrewe grense is om voor die hand liggende redes vir die doel van die ondersoek aanvaar. Vir die doeleindes van die ontleding daarvan as 'n territorium is dit egter enersyds as 'n natuurlike verskynsel en andersyds as 'n beplanningskonsep benader.

### 3.1 Die Woonbuurt as 'n Natuurlike Verskynsel in die Stad

Verskeie skrywers, onder andere Banerjee en Baer (1984:17), Mumford (1961:74 en 193), Hallmann (1984:45) en Pearson (1972:253) wys daarop dat daar reeds 'n antieke China, Egipte, Griekeland en Rome 'n saamgroepering van mense op grond van veral beroep en godsdiens plaasgevind het. Segregasie in die antieke stede is egter volgens Banerjee en Baer (1984:18) dikwels deur inmenging in die natuurlike residensiële prosesse teweeggebring. Vanaf die tweede helfte van die negentiende eeu het die mikromotief van indiwidue om te vestig in gebiede waar hulle tuis voel wat moontlik gemaak is deur snelle industrialisaasie en die verbetering in publieke vervoer, aanleiding gegee tot die makroverskynsel van woonbuurte wat redelik homogeen is in terme van ras en/of etnisiteit en/of lewensiklus en/of lewenstyl (Cherulnik en Wilderman, 1986:605). Sodoende het gesegregeerde woongebiede in terme van die voorgenoemde kriteria in die stad tot stand gekom (Timms, 1978:36; Boal, 1978:57 en Stewart, 1977:27). Daar bestaan vandag nietemin nog steeds inmenging in die residensiële prosesse wat die "natuurlikheid" van die vestigingskeuse tot 'n groot mate beperk (byvoorbeeld die onlangs herroepte Groepsgebiedewet in Suid-Afrika, en ander meer subtiele metodes in veral die VSA) (Badenhorst, 1987:15 en 204-7; Massey en Denton, 1987:823 en Deskins, 1981:109-11).

### 3.2 Die Woonbuurt as Stadsbeplanningskonsep

Wat die woonbuurt as stadsbeplanningskonsep betref kan daarop gewys word dat hierdie rigiede konsep wat deur Clarence Perry in 1939 geformuleer is (Banerjee en Baer, 1984:19), sedert die publikasie daarvan aan skerp kritiek onderwerp is (Hall, 1982:58; Blumenfeld, 1972:176-7; Lee, 1970: 351 en Willis, 1972:272-3). Dit is nietemin in heelwat dorpe en stede in aangepaste formaat aangewend. (In Suid-Afrika is die konsep in 'n redelik suiwer vorm en op 'n groot skaal in Sasolburg en Secunda toegepas). Die woonbuurtkonsep is veral gekritiseer daarvoor dat dit:

(i) nie op empiriese navorsing gegrond is nie (Hall, 1982:58),

(ii) daarop gerig was om segregasie in die hand te werk (Hallman, 1984:56), en

(iii) gegrond is in die geloof dat sosiale strukture deur fisiese uitlegte/ontwerpe geskep en gereguleer kan word (Gans, 1969:364:71).

### 3.3 Ondersoeke van die Sosiale Bande in "Natuurlike" Woonbuurte

Ondersoeke in hierdie verband het aan die lig geebring, eerstens dat buurmanskap en sosiale bande sterker is in die woonbuurte van die laer sosio-ekonomiese statusgroepe as in dié van die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe (Fried en Gleicher, 1970:340-4; Ahlbrandt, 1986:296; Fried 1986:357; Warren, 19986:328 en Korte, 1980:45). Tweedens dat, hoe langer mense in 'n woonbuurt gewoon het, en hoe meer getroude mense met kinders daar in 'n woonbuurt is, des te sterker is hulle sosiale bande in die buurt (Kasarda en Janowitz, 1974:338; Lee, 1970:363; Mayo, 1979:394; Ahlbrandt, 1986:296 Hunter, 1983:15 en Hollnsteiner-Racelis, 1972:232). In die derde en laaste plek, dat huiseienaarskap positief gekorreleer is met die sterke van die sosiale bande in 'n woonburt en met deelname in plaaslike aktiwiteite (Rivlin, 1982:90; Ahlbrandt, 1986: 196). Hierdie bevindings bevestig onder andere dar daar talle verskynsels op woonbuurtvlak aangetref word wat 'n differensiële uitwerking het op die gedrag van die inwoners van hoë en lae sosio-ekonomiese statusgroepe.

### 3.4 Verbandhoudende Ondersoeke van Territorialiteit op Woonbuurtvlak

'n Ontleding van verbandhoudende ondersoeke van territorialiteit op woonbuurtvlak bestaan uit vier komponente, naamlik ondersoeke aangaande:

(i) die gebruik van territoriale merkers op woonbuurtvlak

(ii) die optrede van inwoners teen bedreigings vir hul woonbuurte (onderskeid is getref tussen fisiese en sosiale bedreigings), asmede die identifisering van gemeenskaplike eienskappe van inwoners wat wel opgetree het,

(iii) die persepsie van Suid-Afrikaners van die oopstelling van "hul" woongebiede vir bewoning deur alle rasse en

(iv) die "defensible space"-konsep.

#### 3.4.1 Die gebruik van territoriale merkers op woonbuurtvlak

Na aanleding van die eerste stel ondersoeke is bevind dat die gebruik van territoriale merkers, net soos die geval was by openbare territoriums, ook op die woonbuurtvlak voorgekom het. (Edney, 1972:280-1; Greenbaum en Greenbaum, 1981:581-4 Brown en Werner, 1985:546). (Merkers is in hierdie verband beskou as onder andere onderhoud van tuine en sypaadjies, heinings en mure feesversierings op huise en tuin-ornamente). In teenstelling met openbare territoriums waar die merkers gebruik is om territoriums af te baken, is dit veral op die perseelvlak gebruik om territoriums te verpersoonlik (Greenbaum en Greenbaum, 1981:581-4). Die tipe merker wat in die onderskeie territoriums anagewend is, het onderling ook van mekaar verskil. Aangesien die gebruik van die woonbuurt as territorium tipies

langer duur as wat die geval in openbare territoriums is, was die merkers in eersgenoemde geval ook deurgaans meer permanent van aard (Brown en Werner, 1985:560).

### 3.4.2 Die optrede van inwoners teen bedreigings vir hul woonbuurte

Wat die eienskappe van diegene wat teen bedreigings vir hul woongebiede opgetree het betref, is gevind dat die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe meer teen fisiese verandering as teen sosiale bedreigings opgetree het, terwyl presies die teenoorgestelde in die geval van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe gegeld het (Johnston, 1982:111; Huchfeldt, 1986:105 en Mindick, 1986:265-6). As verklaring vir dié optrede bied Johnston (1982:111) 'n postulasie en Winkel (1981:493-8) 'n model aan. Volgens Johnston (1982) spruit inwoners se optrede teen bedreigings voort uit die feit dat hulle ekonomiese, sowel as sosiale belange in die woonbuurt het wat hulle wil beskerm. Winkel (1981) se model van omgewingsbestuurbaarheid op woonbuurtvlak berus weer daarop dat inwoners teen 'n verandering in hul wonbuurt sal optree indien die betrokke verandering die bestuurbaarheid van hul woonbuurt kan verlaag. ('n Bestuurbare woonbuurt is volgens Winkel (1981:493) een waarvan die inwoners in staat is om inligting van hul woonomgewing op so 'n wyse te organiseer dat hulle 'n voorspellende raamwerk kan saamstel van (i) hoe, en (ii) in welke mate hul woonbuurt hul behoeftes (kan) bevredig.)

Met spesifieke verwysing na optrede teen sosiale verandering in die geval van die VSA, het dit gelyk dat sodanige optrede tipies 'n ras-element bevat (Goldberger, 1971:400; Skolnick, 1971;343 en Buell, 1980:163 en 1982:47).

Sodanige optrede is deur verskeie skrywers beskou as kensketsend van 'n land waar rassisme aangetref word (Skolnick, 1971:392 en Goldberger, 1971:400). Op grond hiervan, asook verskeie ander bewysplase, is gestel dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat soortgelyke optrede ook in ander lande wat insgelyks met 'n probleem van rassisme opgeskeep sit, Suid-Afrika inkluis, verwag kan word.

### 3.4.3 Ondersoeke van die persepsies van Suid-Afrikaners aangaande die oopstelling van hul woonbuurte vir bewoning deur lede van ander rasgroepe.

Wat die bevindings van die ondersoeke van die territoriale persepsies van Suid-Afrikaners aangaande hul woonbuurte betref, blyk dit deurgaans dat blankes van lae sosio-ekonomiese statusgroepe, en by uitstek die Afrikaanssprekende groep, die mees territoriaal defensiewe groepe in hierdie verband is (Couper en Rhoodie, 1988:1313-17 en Retief en Kelbrick, 1990:32, 45 en 47). Hierdie patroon (lae inkomste groepe synde die mees territoriaal-defensiewe groepe), stem grootliks ooreen met dié in die VSA rondom die sestiger- en sewentigerjare van hierdie eeu. Uit 'n ondersoek na die oorsake en verband tussen rassisme, vooroordeel en diskriminasie, kon die rol wat die owerheid in Suid-Afrika gespeel het in die vestiging en intensifisering van die voorafgaande onder blankes, duidelik gesien word (Oranje, 1991:112-7).

### 3.4.4 Die 'Defensible space"-konsep

Die vernaamste bevinding wat uit 'n ontleding van die ondersoeke na "defensible space" gemaak is, is dat territoriale funksionering op die woonbuurtvlak, soos vergestalt in die merk van territoriums en die "oog oophou" vir buurmense se belange, kan bydra tot die vermindering van misdaad in woonbuurte (Taylor, 1984:305; Mercer, 1975:92; Newman, 1973:78-9 en Pollack en Patterson, 1980:125-6).

## 4. TERRITORIALITEIT OP WOONBUURTVLAK - 'n VOORSPELLENDE MODEL

'n Voorspellende model van hoe territorialiteit op woonbuurtvlak funksioneer, word vervolgens aangebied. Die modellering is gedoen aan die hand van die literatuur wat behandel is, terwyl die verifiëring daarvan geskied in terme van data wat tydens die empiriese ondersoeke ingewin is, en uit die gepubliseerde inligting wat van die Stadsraad van Pretoria verkry is.


### 4.1 Die Model

Die model is voorgestel in Figuur 1. Die rasionaal ten grondslag daarvan word vervolgens bespreek.

Literatuur oor die woonbuurt as territorium dui daarop dat inwoners van die moderne stad verkies om in woonbuurte te woon waarvan die bestuurbaarheid sodanig is dat dit hul belangrikste menslike behoeftes direk vervul, of andersins die vervulling daarvan óf moontlik maak, óf vergemaklik (Winkel, 1981:493-8). Hierdie verskynsel is derhalwe gebruik as uitgangspunt in die konstruksie van die verklarende model van territorialiteit op woonbuurtvlak. Ten einde die vlak van bestuurbaarheid te handhaaf (of te verhoog) is dit vir die inwoners noodsaaklik om in beheer van hul woonbuurte te voel, en inderdaad te wees (Sack, 1986:19; Edney, 1975:1108-9; Sebba en Churchman, 1983:207; Cass en Edney, 1978:382 en Harris en McAndrew, 1986:662). Dit word vermag deur verandering wat die bestuurbaarheid van die woonbuurt bedreig, te bekamp.

Aangesien inwoners van verskillende sosio-ekonomiese statusgroepe verskillende behoeftes het wat hulle deur en in hul woonbuurte bevredig wil sien, word veranderings in die woonbuurt verskillend ervaar (Rapport, 1980:122 en Winkel, 1981:496). Terwyl sosiale verandering, volgens hul eie persepsie, vir die een groep 'n ernstige bedreiging inhou, hou fisiese verandering en misdaad weer vir die ander groep 'n ernstiger bedreiging in. In terme van Maslow se teorie van 'n hiërargie van menslike behoeftes word gestel dat die woonbuurt die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe help om die hoër behoeftes, soos status en selfverwesenliking te vervul. Hierteenoor bied die woonbuurt vir die lae sosio-ekonomiese statusgroepe meer 'n plek waarin die gesin skuiling vind en die sosialisering van die kinders plaasvind. Fisiese verandering bedreig die aantreklikheid en die prestige-waarde van die woonbuurt en misdaad die besittings wat die inwoners hul status gee, terwyl dit ook die gesogtheid van die woonbuurt verlaag - vandaar die optrede van die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe daarteen. (Optrede teen misdaad sluit in protes teen die vestiging van nuwe dorpsgebiede van baie lae sosio-ekonomiese status in die omgewing, wat in die oë van die gevestigde inwoners, 'n toename in misdaad uit daardie oord impliseer.) 'n Verandering in die sosiale samestelling van die woonbuurt bedreig die vermoë van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe (in hul eie oë) om hul basiese behoeftes aldaar te kan bevredig. Dit geskied enersyds vanweë die feit dat die "vergrootte" mededinging om

FIGURE 1 **'N VOORSPELLENDE MODEL VAN TERRITORIALITEIT OP WOONBUURTVLAK**



goedkoop behuising wat naby werksggeleenthede geleë is die moontlikheid vergroot om huisloos gelaat te word, of verder weg van werksgeleenthede te moet vestig, en andersyds, deurdat negatiewe gevoelens onder die lae inkomste groepe jeens nie-blankes sodanig is dat hulle geïntegreerde woonbuurte as 'n bedreiging vir hul aanvaarde lewenswyse beskou.

Territoriale merkers (kyk paragraaf 1 vir die tipe merkers wat op woonbuurtvlak aangewend word) speel 'n groot rol in die voorkoming van verandering wat 'n bedreiging vir die bestuurbaarheid van die woonbuurt inhou. Hoe sterker inwoners aan buitestaanders/instansies en voornemende intrekkers deur middel van territoriale merkers kommunikeer watter optrede/gedrag/aktiwiteit nie in die woonbuurt gewens is nie, des te minder sal ongewensde verandering in die woonbuurt plaasvind. Die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe kommunikeer hul territoriale persepsies baie beter as wat die lae sosio-ekonomiese statusgroepe dit doen. Die moontlikheid van ongewensde verandering is gevolglik groter in laasgenoemde woonbuurte.

*Indien verandering in die woonbuurt* egter wel sou realiseer, as gevolg van swak kommunikering van territoriale persepsies deur merkers, sal inwoners eers vasstel of die verandering 'n bedreiging vir die bestuurbaarheid van hul woonbuurt inhou, al dan nie. (Soos reeds geposutleer, is dit meer waarskynlik dat die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe eerder teen fisiese verandering en misdaad sal optree, in teenstelling met die lae sosio-ekonomiese statusgroepe wat meer geneig sal wees om teen sosiale verandering op te tree. Dit sluit egter nie die moontlikheid uit dat, na oorweging van die waarskynlike impak van verandering, die inwoners van hoër status woonbuurte sosiale verander wel as 'n bedreiging bevind nie, en andersom.) Indien 'n verandering wel as 'n bedreiging bevind/beskou word, sal oorweeg word of daar opgetree moet word of nie. 'n Ontleding van die kostes en voordele verbonde aan optrede word op hierdie stadium gedoen. Indien die voordele groter is as die kostes, sal opgetree word. Die sterkte van sosiale bande in die woonbuurt enersyds, en die kontakte, kundigheid en finansiële vermoëns van die betrokke indiwidue andersyds, tesame met die aard van die bedreiging, bepaal in 'n groot mate op welke wyse opgetree is, des te groter is die moontlikheid dat daar in 'n groep opgetree sal word. Hoe kundiger die betrokke indiwidue is, hoe meer kontakte hulle op die "regte plekke" het, en hoe meer vermoënd hulle finansieel is, hoe groter is die waarskynlikheid dat daar op 'n indiwiduele wyse opgetree sal word. Nie-gesanksioneerde optrede teen onder meer ongewensde intrekkers, sal hoofsaaklik in 'n groep geskied, omrede die tipe optrede meer fisiese elemente bevat en die sukses van sodanige optrede grootliks lê in die getalle van diegene wat optree. Gesanksioneerde optrede, hetsy sosiaal of deur die wet, kan of in 'n groep of op indiwiduele wyse geskied. Die bepalende faktor is hoofsaaklik wie voordeel gaan trek uit die optrede (indiwidue of groep) en wat die finansiële vermoëns en persoonlike kontakte van die betrokke indiwidue is.

Indien aanvanklik nie opgetree word nie, kan optrede altyd later volg as die verandering negatief/meer negatief is as wat die inwoners geglo het dit gaan wees. Die mate van sukses wat inwoners met hul optrede behaal:

(i) versterk of verswak die gevoel van "in beheer wees" van die woonbuurt,

(ii) die moontlikheid dat soortgelyke bedreigings weer vir die woonbuurt sal opduik en

(iii) die aard van die optrede van die inwoners in so 'n geval.

Ingevolge hierdie model is territorialiteit 'n beheermeganisme wat indiwidue en groepe in staat stel om hul belangrikste behoeftes te bevredig deur die vlak van bestuurbaarheid van hul woonbuurte te handhaaf of uit te brei. Hiervolgens is territorialiteit 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel op sigself nie. Voorts kan territoriale gedrag op woonbuurtvlak een van twee vorme aanneem. Eerstens deur 'n passiewe vorm wat die verpersoonliking en die "merk" van persele en derhalwe die hele buurt insluit, waardeur gekommunikeer word wat die inwoners se territoriale persepsies en gevoelens is. In die tweede plek is daar 'n defensiewe vorm van optrede teen bedreigings wat eintlik dui op die onvermoë van inwoners om deur middel van merkers aan buitestaanders/-instansies en nuwe intrekkers aan te dui wat hul territoriale persepsies is, dit wil sê, wat aanvaarbare gedrag/optrede/norme in die betrokke woonbuurt is.

## 4.2 Verifiëring van die Model

In hierdie afdeling word die wyse en die graad waartoe data uit die opnames die vernaamste elemente van die model geverifieer het, al dan nie, kortliks behandel.

Eerstens bied die data bevestiging vir die stelling dat daar 'n behoefte aan beheer oor (verandering in) die woonbuurt bestaan. Die volgende syfers uit die vraelysopnames dien ter bevestiging daarvan:

- 65% van die respondente het in die 1990-vraelysopname aangedui dat hulle meer inspraak in besluite wil hê wat deur die Stadsraad geneem word en hulle direk raak;
- 60% van die respondente het in die 1990-vraelysopname aangedui dat hulle op 'n aktiewe wyse in 'n groep teen veranderings wat hulle as bedreigings vir hulwoonbuurte beskou, sal optree. Hierteenoor het slegs 19% aangedui dat hulle nie sal optree nie;
- 50% van die respondente het in die 1989-vraelys aangeduid dat hulle van mening is dat hul woonbuurt se inwoners in 'n groep teen nie-blanke intrekkers sal optree, terwyl slegs 13% van mening was dat daar nie sodanig opgetree sal word nie en die ander 37% onseker was in hierdie verband;
- 77% van die respondente het in die 1990-vraelys aangedui dat hulle van mening is dat die inwoners van hul woonbuurte in 'n groep teen bedreigings vir hul onderskeie woonbuurte sal optree.

Wat die voorgaande betref, kan dit op 'n deduktiewe grondslag gestel word dat beheer oor verandering as sodanig 'n middel verteenwoordig tot die bereiking en/of handhawing van die verlangde vlak van bestuurbaarheid van die woonbuurt, en nie 'n doel op sigself is nie.

Voorts is bevind dat die vestigingsoorwegings en derhalwe die behoeftes wat die respondente uit die verskillende sosio-ekonomiese statusgroepe in en deur hul woonbuurte bevredig wil sien, verskil. Vir die hoë sosio-ekonomiese

statusgroepe is estetiese oorwegings die belangrikste in die keuse van hul woonbuurt. Hierteenoor speel suiwer ekonomiese oorwegings, naamlik die bekostigbaarheid van die woning, die belangrikste rol by die vestiging van lede van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe. Hierdie verskillende vestigingsoorwegings bied bevestiging vir die gepostuleerde verskil in behoeftes wat die woonbuurt vir die onderskeie sosio-ekonomiese statusgroepe bevredig. Verdere ondersteuning in hierdie verband is gebied deur die bevinding dat dit wat die respondente van die verskillende sosio-ekonomiese statusgroepe as die vernaamste bedreigings vir hul woonbuurte sien, insgelyks verskil. Fisiese verandering en misdaad is deur die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe as die vernaamste bedreigings vir hul woonbuurte beskou. Daarenteen is sosiale verandering deur die lae sosio-ekonomiese statusgroepe as die grootste bedreiging vir hul woonbuurte geïdentifiseer. Fisiese verandering en misdaad is as baie geringer bedreigings vir hul betrokke woonbuurte gesien.

Die volgende bevindinge uit die vraelysopnames illustreer hierdie punt:

- Op vrae in beide die vraelyste aangaande die respondente se rede vir hul keuse van die woonbuurt waarin hulle tans woonagtig is, was die vernaamste redes onder die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe "dit is 'n aantreklike woonbuurt" en "ek het van die huis gehou", terwyl die vernaamste vestigingsoorwegings onder die lae sosio-ekonomiese statusgroepe "ek kan dit bekostig" en "dit is naby my werk" was.

  Die antwoorde van die respondente dui gevolglik daarop dat, terwyl estetiese oorwegings vir die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe die vernaamste vestigingsoorweging was (heenwysend na 'n hoër vlak van behoeftebevrediging), 'n ekonomiese noodsaaklikheid (om 'n "dak oor hulle koppe" te kry) in 'n groot mate die lae sosio-ekonomiese statusgroepe se keuse van woonplek bepaal het. Die hoë prioriteit wat deur die lae sosio-ekonomiese statusgroepe aan die nabyheid aan die werkplek geplaas is, hou 'n belangrike implikasie vir moontlike optrede in. Indien hierdie groepe deur verandering bedreig word, bestaan die moontlikheid dat hulle uit desperaatheid tot optrede teen die verandering kan oorgaan, indien daar nie altenratiewe (bekostigbare) huisvesting bestaan wat "reg" geleë is nie.

- Die respondente van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe het op dieselfde vrae in beide die 1989 en die 1990-vraelys geantwoord dat hulle "nie-blanke intrekkers in hul woonbuurte" en 'n "nie-blanke woonbuurt naby hul eie" as die vernaamste bedreigings vir hul woonbuurt beskou, teenoor die respondente van die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe wat "'n hoofpad deur hul woonbuurt", "'n ongewensde grondgebruik in hul woonbuurt" en "misdaad" as die grootste bedreigings bestempel het.

- Die respondente van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe het ook die afskaffing van die Groepsgebiedewet ('n sosiale verandering) as 'n baie groter bedreiging vir hul woonbuurte gesien as die respondente van die hoë sosio-*ekonomiese statusgroepe. In* antwoord op die 1989-vraelys het 70% van die hooglaag-respondente aangedui dat hulle die afskaffing van die Groepsgebiedewet as 'n bedreiging vir hul woonbuurte sien, teenoor 21% van die middelhoog-respondente. Die ooreenstemmende syfers op 'n soortgelyke vraag in die 1990-vraelys was 60% en 10% onderskeidelik.

- Die respondente van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe was in hul antwoorde op die vrae waarin hul persepsie van nie-blankes in die algemeen, asmede hul gevoel jeens nie-blanke intrekkers in hul eie, sowel as die ander "blanke woonbuurte van Pretoria", baie meer negatief teenoor nie-blankes en het ook baie meer bedreig gevoel deur hul teenwoordigheid, as wat die geval was met die respondente in die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe.

Die bestaan van beide die passiewe vorm, sowel as die defensiewe vorm van territorialiteit, het ook uit die data na vore gekom. Terwyl die passiewe vorm baie sterker voorgekom het in die woonbuurte van die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe, was daar geen definitiewe verskil in die voorkoms van die defensiewe vorm daarvan tussen die lede van die verskillende sosio-ekonomiese statusgroepe nie. Wat die defensiewe vorm betref, was daar vir die hele steekproef meer respondente wat bereid was om teen bedreigings vir die woonbuurt op te tree as wat nie daartoe bereid was nie. Wat die wyse van optrede betref, en dit waarteen opgetree sal word (soos hierbo bespreek) was daar wel verskille onder die respondente van die verskillende sosio-ekonomiese statusgroepe. Die respondente van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe aangetref word aangaande optrede in groepe nie. Aktiewe optrede in 'n groep het dwarsoor die spektrum van sosio-ekonomiese status as die mees populêre vorm van optrede na vore gekom.

Bevestiging van die feit dat die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe meer op indiwiduele grondslag teen bedreigings sal optree, het geblyk uit die response op die 1990-vraelys. In die opname het gemiddeld 42% en 39% van die respondente van die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe aangedui dat hulle onderskeidelik op passiewe en op aktiewe wyse as indiwidue teen bedreigings vir hul woonbuurte sal optree, teenoor die ooreenstemmende 33% en 34% van die respondente van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe. Alhoewel die verskil op die oog af nie baie groot is nie, is die bereidwilligheid om indiwidueel op aktiewe en passiewe wyse op te tree, onderskeidelik nietemin 9% en 5% hoër onder die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe. Soos weldra aangedui word, moet hierdie response vertolk word teen die agtergrond van die feit dat Suid-Afrikaners tot dusver weinig nodigheid gehad het om aspekte van hierdie aard selfs net te oorweeg.

As verklaring vir die verskille in wyse van optrede, is aangevoer dat (i) die sosiale bande, buurmanskap, ensovoorts baie sterker is onder die lede van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe en dat die inwoners mekaar gevolglik beter ken en meer geneig sal wees om in groepe op te tree, eerder as op indiwiduele wyse en (ii) hoër kwalifikasies, "vriende op die regte plekke" en groter finansiële hulpbronne optrede op indiwiduele grondslag meer moont-

lik maak onder die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe. Dit is ook gestel dat die teenwoordigheid van kinders en huisvrouens in 'n woonbuurt sosiale bande versterk en gevolglik tot sterker optrede in groepe sal lei.

Ten einde die vernaamste postulate rakende die wyse van optrede te toets, word die volgende response en verwantskappe voorgehou:

- In die antwoorde van respondente op die 1989 sowel as die 1990-vraelys het dit wel geblyk dat persoonlike en sosiale bande beduidend sterker is in die woonbuurte van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe as in die van die hoë sosio-ekonomiese statusgroepe. Die mate van buurmanskap het egter geblyk om sterker te wees in laasgenoemde woonbuurte. Aangaande hul verhouding met die res van die woonbuurt se inwoners was daar byna geen verskille tussen die response van die onderskeie statusgroepe nie.

- Verwantskappe wat getrek is tussen die sterkte van die sosiale en persoonlike bande in die woonbuurt en die respondente se aanduiding dat hulle territoriaal defensief sal optree, het getoon dat diegene wat sterk sosiale bande in die woonbuurt gehad het, slegs ietwat meer geneigd was om op te tree teen bedreigings as wat diegene was wat nie sulke sterk sosiale bande gehad het nie. Laasgenoemde groep het egter 'n relatief groter geneigdheid getoon om op indiwiduele grondslag teen bedreigings op te tree.

- 'n Verwantskap wat getrek is tussen die hoogste kwalifikasie van die respondente en territoriale defensiwiteit op die woonbuurtvlak, het getoon dat diegene wat oor 'n tersiêre onderwyskwalifikasie beskik, heelwat sterker (gemiddeld 11,5%) as die laer geskoolde respondente aangedui het dat hulle hul woonbuurte as individue op aktiewe wyse, teen bedreigings sal verdedig.

- Wat die invloed van die teenwoordigheid van huisvrouens en kinders in die woonbuurt op territoriale defensiwiteit betref, onderskeidelik 20% en 12% minder, geneig was om op aktiewe wyse in 'n groep teen bedreigings vir die woonbuurt op te tree. Aangesien daar geen verband tussen die aantal kinders of die aantal getroude respondente en die sosio-ekonomiese statusgroepe van die respondent uit die data waargeneem kon word nie, kan die bevindinge uit die voorgenoemde verwantskappe nie gebruik word om die verskil in optrede tussen die verskillende sosio-ekonomiese statusgroepe te verklaar nie.

Geen klinkklare bewyse kon gevind word, op hierdie stadium altans, dat inwoners die koste van optrede teen opgewensde verandering sal opweeg teen die moontlike voordele wat dit mag meebring nie. Die rede hiervoor is dat daar tot dusver selde, indien ooit, nodigheid was om optrede te oorweeg of daartoe oor te gaan. Die beskikbare data dui nietemin in die rigting dat sodanige oorweging wel sal plaasvind.

Daar kan eweneens slegs op 'n deduktiewe grondslag afleidings gemaak word in die geval van die postulasie dat inwoners meer in beheer sal voel van hul woonbuurt ná suksesvolle optrede teen ongewensde verandering. Die data dui insgelyks, alhoewel nie klinkklaar nie, daarop dat dit inderdaad die geval is.

Laastens het die data die postulasie bevestig dat die moontlikheid van defensiewe optrede teen intrekkers van ander rasse geringer is aan die onderpunt van die spektrum van sosio-ekonomiese status, dus die hooglaag-woonbuurte, as wat algemeen aanvaar word. Sodanige optrede, indien dit wel sou voorkom, sal eerder uit die geledere van die inwoners van woonbuurte met 'n laagmiddel-status kom.

## 6. GEVOLGTREKKING

Dit is 'n basiese leerstelling in stedelike studies dat huishoudings wil vestig in woonbuurte waar hulle tuis voel. Ingevolge die model wat in hierdie ondersoek geformuleer is, kom die betrokke mikromotief van huishoudings eintlik neer op 'n strewe om in 'n woonbuurt te vestig waarvan die vlak van bestuurbaarheid sodanig is dat die huishouding se mees belangrike behoeftes (ingevolge Maslow se teorie van 'n hiërargie van menslike behoeftes) aldaar bevredig sal (kan) word.

Hierdie postulasie bied gevolglik 'n verklaring vanuit 'n omgewingsielkundige invalshoek op die verskynsel dat (i) sosiale afstand in fisiese afstand in woongebiede in die stad weerspieël word en (ii) dat mense hulle wil distansieer van ongewensde grondgebruike en ogewensde sosiale verskynsels soos misdaad. Deur hierdie optrede/gedrag word die gewensde vlak van bestguurbaarheid van die woonbuurt in terme van elke individuele huishouding se behoeftes, verseker.

Uit die ondersoek blyk dit dat bestuurbaarheid in terme van verskillende kriteria gedefinieer kan word oor die spektrum van sosio-ekonomiese statusgroepe deur die afwesigheid van ongewensde grondgebruike en misdaad gedefinieer word, word dit in die geval van die lae sosio-ekonomiese statusgroepe hoofsaaklik deur sosiale homogeniteit gedefinieer. Hiertengevolge vermy huishoudings woonbuurt wat nie aan hul betrokke persepsie van bestuurbaarheid voldoen nie. Omrede soortgelyke huishoudings bestuurbaarheid min of meer op dieselfde wyse sien, kom woonbuurte van relatiewe homogene karakter in terme van inkomste, lewensstyl, lewensiklus, etnisiteit en ras, tot stand. Die mikromotief van bestuurbaarheid kulmineer sodoende in 'n makrogevolg soos weerspieël in die sosiale mosaïek van die stad.

**BRONNELYS**


AHLBRANDT RS (Jr) (1986). Using research to build Stornger Neigborhoods: A study of Pittsburgh's Neighborhoods, in Taylor, Ralph B (Ed). **Urban Neigborhoods: Research and Policy.** New York, Greenwood Press Inc.

ALTMAN Irwin (1975). **The Environment and Social Behavior.** Monterey, California, Brooks/cde Publishing Company.

ALTMAN I, TAYLOR DA, and WHEELER L (1971). Ecological Aspects of Group Behavior in Social Isolation. *Journal of Applied Social Psychology* Vol 1 No 1.

AUSTIN WT and BATES FL (1974). Ethological Indicators of Dominance and Territory in a Human Captive Population. *Social Forces* Vol 52, June.

BADENHORST MS (1987). **Die residensiële struktuur van die metropool - 'n sosiaal-ruimtelike vertolking van die Suid-Afrikaanse geval.** Johannesburg. Tesis voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Doktor in Filosofie in Stedelike Studies aan die RAU.

BANERJEE T and BAER WC (1984). **Beyond the Neigborhood Unit.** New York, Plenum Press.

BARASH DP (1982). **Sociobiology and behaviour**. (Second Edition) London, Hodder and Stoughton.

BECKER FD (1973). Study of Spatial Makers. *Journal of personality and Social Psychology.* Vol 26, November.

BLUMENFELD H (1972). **The Modern Metropolis: Its Origins, Growth, Characteristics and Planning.** Cambridge, The MIT Press.

BOAL FW (1978). Ethnic Residential Segregation in Herbert DAT and Johnston RJ (Eds). **Social Areas in Cities: Processes, patterns and Problems.** New York, John Wiley and Sons.

BROWN BB (1981). Territoriality, in Stokols D and Altman I (Eds). **Handbook of Environmental Psychology.** New York, John Wiley and Sons.

BROWN BB and ALTMAN I (1981). Territoriality and Residential crime: A conceptual framework, in Brantingham, Paul J and Brantingham, Patricia L (Eds). **Environmental Criminology.** London Sage Publications.

BROWN BB and WERNER CM (1985). Social cohesiveness, territoriality, and holiday decorations: The Influence of Cul de Sacs. *Environment and Behavior* Vol 17 Nr 5, September.

BUELL EH (1980). Busing and the Defended Neighborhood. *Urban Affairs Quarterly* Vol 16 Nr 2.

BUELL EH (1982). **School desegregation and defended neighborhoods.** Massachusetts, Library of Congress Cataloguing in Publication Data.

CASS RC and EDNEY JJ (1978). The Commens Dilemma: A Simulation Testing the Effects of Resource Visibility and Territorial Division in *Human Ecology* Vol 6, Nr 4.

CHERULNIK PD and WILDERMAN SK (1986). Symbols of status in urban neighborhoods: Contemporary perceptions of nineteenthcentury Boston. *Environment and Behavior* Vol 18, Nr 5.

COUPER M and RHOODIE NJ (1988). White attitudes towards desegregation, in van Vuuren **et al** (Eds). South Africa: **The Challenge of Reform.** Pinetown, South Africa, Owen Burgers Publishers.

DE LONG AJ (1973). Territorial Stability and Hierarchial Formation. *Small Group Behavior.* February.

DESKINS DR Jnr (1981). Morphogenesis of a Black Ghetto *Urban Geography.* Vol 2 Nr 2.

DYSON-HUDSON R and SMITH EA (1978). Human Territoriality: An Ecological Reassessment. *American Anthropologist* Vol 80.

EDNEY J J (1974). Human Territoriality. **Psychological Bulletin** Vol 81 Nr 12, 959-975.

EDNEY JJ (1972). Property, Possession and Permanance: A Field study in Human Territoriality. *Journal of Applied Social Psychology* Vol 2 Nr 3.

EDNEY JJ (1975). Territoriality and Control: A Field Experiment. *Journal of Personality and Social Psychology* Vol 31 Nr 6.

EDNEY JJ and BUDA MA (1976). *Distinguishing Territoriality and Privacy: Two studies in Human Ecology* Vol 4 Nr 4.

EDNEY JJ and UHLIG SR (1977). Individual and Small Group Territories. *Small Group Behavior* November.

ESSER AH (1973). Cottage Fourteen: Dominance and Territoriality in Group of Institutionalized Boys. *Small Group Behavior* May.

ESSER AH **et al** (1965). Territoriality of patients on a Research Ward, in Prohansky, Harold M **et al** (Eds). **Environmental Psychology: Man and his Physical Setting.** New York, Holt Rinehart and Winston, Inc. 1970.

FRIED M (1986). The Neighborhood in Metropolitan Life: Its Psychosocial Significance in Taylor RB (Ed). **Urban Neighborhoods: Research and Policy.** New York. Greenwood Press Inc.

FRIED M and GLEICHER P (1970). Sur Sources of Residential Satisfaction in an Urban Slum, in Proshansky **et al** (Eds). **Environmental Psychology: Man and his Physial Setting.** New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc.

GAL CA, BENEDICT JO and SUPINSKI DM (1986). Territoriality and the use of library study tables. *Perceptual and Motor Skills* Vol 63.

GANS HJ (1969). Planning for people, not for building, in Stewart, Murray (Ed). **The City: Problems of Planning.** Middlesex, England, Penguin Books Ltd. 1977.

GIFFORD R (1987). **Environmental Psychology: Principles and Practice.** Boston, Allyn and Bacon, Inc.

GOLD JR (1982). Territoriality and human spatial behaviour. *Progress in Human Geography* Vol 6.

GOLDBERGER P (1971). Tony Imperiale Stands Vigilant for Lawondorder, in Marx, Gary T (Ed). **Racial Conflict: Tension and Change in American Society** (Third Printing). Canada, Little Brown and Company (Inc).

GREENBAUM PE and GRENBAU SD. Territorial personalization: Group Identity and Social Interaction in a Slavic-American neighborhood. *Environment and*

*Behavior* Vol 13 Nr 5, September.

HALL P (1982). **Urban and Regional Planning** (Second Edition). Great Britain, Penguin Books.

HALLMAN HW (1984). **Neighborhoods: Their Place in Urban Life.** London, Sage Publications.

HARRIS PB and MCANDREW FT (1986). Territoriality and Compliance: The Influence of Gender and Location on Willingness to sign Petitions. *The Journal of Social Psychology* Vol 126 Nr 5.

HASSON S (1981). The neighborhood organisation as a pedagogic project. *Environment and Behavior* Vol 13 Nr 2.

HOLAHAN CJ (1982). **Environmental Psychology.** New York, Random House, Inc.

HOLLNSTEINER-RACELIS M (1972). Becoming an Urbanite: The Neighborhood as Learning Environment in Josefl Gugler (Ed). **The Urbanization of the Third World.** New York, Oxford University Press, 1990.

HUCKFELDT R. (1986). **Politics in Context: Assimilation and Conflist in Urban Neighborhoods.** New York, Agathan Press, Inc.

HUNTER A (1983). The Urban Neigborhood: Its Analytical and Social Context, in Clay, Philip L en Robert M Hollister (Eds). **Neighborhood Policy and Planning.** Toronto, Lexington Books.

JOHNSTONE R J (1982). Voice as a strategy in locational conflict: The Fourteenth Amendment and residential separation in the United States, in Cox, Kevin R. en RJ Johnston (Eds). **Conflict, politics and the Urban scene.** New York, St Martin's Press.

JORDAN TG and ROWNTREE L' (1979). **Thee Human Mosaic: A Thematic Introduction to Cultural Geography.** New York (Second Edition), Hamper and Row, Publishers, Inc.

KASARDS JD and JANOWITZ M (1974). Community Attachment in Mass Society. *American Sociological Review,* Vol 39.

KORTE C (1980). Urban-nonurban Differences in Social Behavior and Social Psychological Models of Urban Impact. *Journal of Social Issues* Vol 36 Nr 3.

LEE TR (1977). **Race and Residence: The Concentration and Dispersal of Immigrants in London.** Oxford, Clarendon Press.

LYMAN SM and SCOTT MB (1967). Territoriality: a neglected sociological dimension. *Social Problems* Vol 15.

MASSEY D and DENTON N (1987). Trends in the residential segregation of Blacks, Hispanics and Asians: 1970-1980. *American Sociological Review* Vol 52, December.

MAYO JM (1979). Effects of street forms on Suburban neighboring behavior. *Environment and Behavior* Vol 11 Nr 3, September.

MERCER C (1975). **Living in Cities: Psychology and the Urban Environment.** Middlesex, England, Penguin Books Ltd.

MERELMAN RM (1988). The political uses of territoriality. *Environment and Behavior* Vol 20 Nr 5, September.

MINDICK B (1986). Neighborhood Mobilization: A study of the Implementation of an Experimental Intervention, in Taylor, Ralph B (Ed). **Urban Neighborhoods: Research and Policy.** New York, Greenwood Press Inc.

MUMFORD L (1961). **The City in History.** New York, Harcourt Burce Janovitch.

NEWMAN O (1973). **Defensible Space: People and Design in the Violent City.** Great Britain, Architectural Press.

PARR AE (1970). In search of Theory, in Proshansky, Harold M **et al** (Eds). **Environmental Psychology: Man and his physical setting.** New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc.

PEARSON N (1972). Planning a Social Unit, in Bell, G and Tyrwhitt J (Eds). **Human Identity in the Urban Environment.** Middlesex, England, Penguin Books.

PETERSON N (1975). Hunter Gatherer Territoriality: The Perspectives from Australia. *American Anthropologist* Vol 77 Nr 1.

POLLACK LM and PATTERSON AH (1980). Territoriality and fear of crime in elderly and non-elderly home owners. *The Journal of Social Psychology.* Vol 111.

PROSHANSKY HM, ITTELSON WH and RIVLIN LG (1970). Freedom of choice and behavior in a physical setting, in Proshansky HM, Ittelson WH en Rivlin LG (Eds). **Environmental Psychology: Man and his Physical Setting.** New York, Holt Rinehart and Winston, Inc.

RAPOPORT A (1980). Environmental Preference, Habitat Selection and Urban Housing. *Journal of Social Issues* Vol 36 Nr 3.

RETIEF A and KELBRICK E (1990). **Group areas as a form of human territorial behaviour.** Pretoria, HSRC.

RIVLIN LG (1982). Group Membership and Place Meanings in an Urban Neighborhood. *Journal of Social Issues.* Vol 38 Nr 3.

SACK RD (1986). **Human Territoriality: Its theory and history.** Cambridge University Press.

SEBBA R and CHURCHMAN A (1983). Territories and Territoriality in the home. *Environment and Behavior* Vol 15 Nr 2, March.

SKOLNICK J (1971). White Militancy, in Marx GT (Ed). **Racial Conflict: Tension and Change in American Society** (third printing). Canada, Little, Brown and Company (Inc).

SOMMER R (1966). The Ecology of Privacy, in Proshansky HM **et al** (Eds). **Environmental Psychology: Man and his Physical Setting.** New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc 1970.

SOMMER R (1969). **Personal Space: The Behavioral Basis of Design.** Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall Inc.

SOMMER R and BECKER FD (1969). Territorial defense and the good neighbor. *Journal of Personality and Social Psychology* Vol 11 Nr 2.

STEWART M (1977). Introduction - An interdesciplinary view of Urban Planning in Stewart M (Ed). **The City: Problems of Planning.** Middlesex, England, Penguin Books.

SUNDSTROM E and ALTMAN I (1974). Field study of territorial behavior and dominance. *Journal of Personality and Social Psychology* Vol 30 Nr 1.

TAYLOR RB (1984). Block Crime and Fear: Defensible Space, Local Social Ties, and Territtorial Functioning. *Journal of Research in Crime and Delinguency* Vol 21 Nr 4.

TAYLOR RB and LANNI JC (1981). Territorial Dominance: The Influence of the resident Advantage in Triadic Decision Making. *Journal of Personality and Social Psychology* Vol 41 Nr 5.

TIMMS DWG (1978). Social Bases to Social Areas in Herbert DJ and Johnson RJ (Eds). **Social Areas in Cities: Processes. Patterns and Problems.** London, John Wiley and Sons.

VILJOEN H, VAN STADEN F, GRIEVE K and VAN DEVENTER V (1988). **Environmental Psychology: An Introduction** (First Edition), Second Impression. Johannesburg Lexicon Publishers.

WARREN DI (1986). The Helping Roles of Neighbors: Some Empirical Patterns, in Taylor RP (Ed). **Urban Neighborhoods: Research and Policy.** New York Greenwood Press Inc.

WILLIS M (1972). Sociological Aspect of Urban Structure, in Bell G and Tyrwhitt J (Eds). **Human Identity in the Urban Environment.** Middlesex, England, Penguin Books.

WINKEL GH (1981). The Perception of neighborhood change, in Harvey JH (Ed). **Cognition, Social Behavior and the Environment.** New Jersey, Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.